Stella straat

Psalm 86:1-10

"Gee my tog krag"

Tuis-Adoramus 21 Junie 2020

geskryf deur Anton Pienaar (083-458-8712)

Tema: "Gee my tog krag"

Teks: Psalm 86:1-10

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie Tuis-Adoramus alleen of saam met ander te doen. Maak jou net eers gereed om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

ONS LUISTER

Ons luister eers na Andrea Bocelli se weergawe van The Lord's Prayer. Daar is min mooier weergawes as die een!

https://www.youtube.com/watch?v=aEplqV0scyo

INLEIDING TOT SKRIFLESING

Wanneer 'n mens dié pragtige lied (Psalm 86) lees, voel dit of die woorde daarvan op jou en my lippe is. "Gee my tog krag!" vra die bidder. Die omstandighede van die bidder is nie seker nie, maar hy smeek om hulp. Hy of sy het verlossing van iets nodig, en nader daarom die persoon die God in wie hy of sy vertroue het.

Ons wêreld is huidig vol mense wat omtrent aan niks anders kan dink nie. Hulle inkomstes is deur die regulasies as gevolg van die pandemie vernietig, en daarmee saam alle sekuriteit wat hulle aan hulle gesinne gegee het. Dan is daar die wie se lewens naby die einde is. Hulle hou vas en smeek vir die omdraai van hulle gesondheid.

Kom ons word vandag deel van ons mense se hulpkreet. In ons paar minute van nadenke sug saam met ‘n wêreld en verlang saam na God se bystand.

SKRIFLESING

Lees Psalm 86:1-10.

Vra jouself af of daar een woord of kort frase is wat nou veral met jou praat en mediteer daaroor deur jou aandag herhaaldelik daarna terug te bring om al dieper te hoor wat die Gees vir jou in jou omstandighede daardeur wil sê.

Matteus 10:5-11 (verkort) - Jesus kies twaalf manne.

> Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee:
> “Gaan na die verlore skape van die volk Israel toe.
> Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’
> Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit.
> Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
> Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie en moenie vir die pad ‘n reissak aanskaf of nog ‘n kledingstuk of skoene of ‘n stok nie.
> ‘n Arbeider is tog geregtig op onderhoud. As julle in ‘n stad of dorp kom, stel dan vas by wie julle daar kan tuis gaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit.”

NADENKE

Dink ‘n bietjie waarom iemand so ‘n gebed of lied sou skryf? Probeer om drie duidelike redes te vind waarom iemand in die ou tyd so vol smeking kon wees?

Wat wil jy vandag vir die Here vra wat te swaar vir jou geword het om te dra? Kan jy ook aan drie redes dink waarom ek en jy, die mense van ons lewenstyd, die Here nodig het? Hoor jy ook dat die Here vir jou sê: “Kom na my toe!”

BYKOMENDE NADENKE

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, kan jy nog 'n rukkie oor die volgende nadink:

- Die koms van die koninkryk beteken dat die wêreld in 'n ander bedeling ingaan waarin dit volloop van God se goedheid. God vergewe vryelik en betoon sy guns aan almal. Jesus was bereid om mense te dien en vir hulle te ly, en so is die Vader ook. Almal wat vir Hom ja sê, word geleiers van hierdie goedheid. So word die wêreld gevul met mense wat soos Jesus is en ander aanraak om soos Jesus te wees: bereid om te dien en te ly. Ek kan myself afvra: Waar in my lewe is ek 'n goeie geleier van die nuwe bedeling en waar kan ek dit beter wees?
- 'n Kenmerk van die mense van die nuwe bedeling is dat hulle vry is van die bindinge wat die materiële op ons wil lê. Hulle weet hulle kan nie God en Mammon dien nie. Hulle sorg vir die nodige, maar bekommer hulle nie oor geld en goed nie, want hulle weet dis eintlik God wat vir hulle sorg. Daarom kan ek myself weer afvra: Hoeveel van my kopspasie word deur geld en materiële dinge ingeneem?

ONS LUISTER

Kom ons luister na een van die liedere wat vir ons in Stellastraat bekend is. Singkronies se interpretasie van die Chris Lamprecht se Kom na my toe, is die Here se antwoord op die bidder se smekinge.

https://www.youtube.com/watch?v=lVM0JG1byGM

WOORDKUNS

Kom ons lees een van die mooiste belydenisse wat daar ooit in Afrikaans geskryf is. Lina Spies het dit geskryf. Op 'n manier is dit 'n gebed ook. Daar is niks absoluuts in haar belydenis nie, eerder verlange, hoop en respek. Sy noem dit 'Die geloofsbelydenis van 'n afvallige'

Ek glo in die skeppende God
van die wordende heelal
wie se naam te heilig was

om uit te spreek:
Jahwé, die God van Israel,
wat ‘n Vader geword het
vir Jesus van Nasaret,
die wonderskone boodskapper
van die onmoontlike liefde,
deur wie God my vader
maar ook my moeder is.
Ek glo in die Heilige Gees
wat mense in alle tye
inspireer tot werke
wat die stempel dra
van die ewige.
Ek glo dat omdat ek lewe
ek aan alle lewendes
sorg en deernis verskuldig is
en ek glo dat as ek sterf
ek opgeneem sal word
in die durende siklus
van vernuwing en verval
en dat die lewe triomfeer
in elke geboortekreet
omdat die lewe magtiger is
as die dood.

MUSIEK TER NADENKE

Kom luister as nadenke na Mozart se Laudate Dominum. Prys die Here, want hy het genade aan ons betoon!
https://www.youtube.com/watch?v=q9rvyvssvuI